

21 Julie

Skrifgedeelte: Sagaria 3 en 4

### Deur die krag van die Heilige Gees

Hoe voel die Here nou oor sy volk na dekades van volharding in sonde en die gevolglike wegvoering in ballingskap? Die derde gesig gee hierop die antwoord. Jesua, die hoëpriester, stel die volk voor. Sy vuil klere is teken van sy en die volk se sondes, skuld en verwerplikeheid. Die aanklagte van Satan beklemtoon die skuld van die volk.

Tog hoor ons nie oordele van God nie, maar vryspraak: *Trek uit die liederlike vuil klere, Ek gaan vir jou skoon klere aantrek. Ek het jou oortredinge vergewe. Sit 'n skoon tulband op sy kop (kyk 6:11).* Dit is eer- en ampsherstel vir Jesua en die volk. Hoe is dit moontlik? Vers 9 sê: *Ek gaan die sonde op een enkele dag wegneem.* Ons kan voor God verskyn en met Hom kommunikeer omdat Christus aan die kruis op net een dag al ons sondes versoen het.

Hoe sal ons dit regkry om in ons nuwe versoenende verhouding met God te lewe en te doen wat reg is? Hoe sal ons soos 'n goue (suiwer) liggende kandelaar vir die wêreld wees? Hierop gee die vierde gesig die antwoord: Nie deur ons eie krag en plannetjies nie, *maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige* (vers 6). Leiers en gemeentes vorder alleen as hulle saam Geesvervuld leef – as hulle daaglik gevoed word deur die olyfolie van die Gees.

*Sing: Skrifberyming 14:2*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*